Bybel vir Kinders

bied aan



Ryk man, Arm man

Geskryf deur: Edward Hughes
Ge-illustreer: M. Maillot; Lazarus
Aangepas deur: M. Maillot; Sarah S.
Vertaal deur: Yvette Brits
Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

BFC
PO Box 3
Winnipeg, MB R3C 2G1
Canada

©2013 Bible for Children, Inc.
Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Jesus het geweet dat baie van die geestelike leiers lief was vir geld meer as vir God. Hy vertel hulle wat gebeur het met twee persone, en hoekom dit nutteloos is om ryk te wees sonder God. Geld kan nie vir jou lewe by God in die Hemel koop nie.

Daar was 'n sekere ryk man wat duur en deftige klere gedra het. Hy het aangetrek soos 'n koning.

Die ryk man het ook goed geëet. Elke maaltyd was 'n groot fees. Hy het so baie geld hy kon enigiets wat hy wou eet koop vir ontbyt, middag en aandete – of vir tussen in versnappering.



Voor die ryk man se huis by die hek lê daar 'n arm, siek en honger bedelaar. Sy naam was Lasarus.



Arme Lasarus was oortrek van swere. Dit kon 'n siekte wees. Hy kon ook snye en kneusplekke gehad het van ander mense wat gemeen was met hom. Dalk het hy swere gehad omdat hy nie goeie kos, melk, groente en vleis gehad het nie.

Lasarus het gehoop vir kos. Hy sou tevrede gewees het net met die krummels van die ryk man se tafel af.

Verdwaalde honde het soms oorgeloop na die arm hulpelose bedelaar. Hulle het aan hom geruik en aan sy wonde gelek. Niemand het omgegee vir die verhongerde Lasarus nie.

Een oggend
het Lasarus nie
wakker geword
nie. Die arm
verhongerde,
verlore
bedelaar
het die
lewe verlaat.
Lasarus
was dood.

Vreugde het vir Lasarus begin die oomblik toe hy gesterf het. Jesus het engele gestuur om hom na Abraham te neem. Lasarus was vertroos deur God.



Die ryk man het ook gesterwe. Al sy geld kon nie sy lewe red nie. Wanneer die dood kom, kan niemand dit keer nie.

Die ryk man is begrawe. Dalk was dit 'n groot begrafnis. Dalk het die mense die ryk man geprys omdat hy slim en suksesvol was. Maar hulle geprys het hom niks gehelp nie. Hy is nog steeds hel toe.

In die hel, het die ryk man geroep, "Vader Abraham,
stuur tog vir Lasarus dat hy net die punt van sy
vinger in water steek en my tong afkoel,
want ek ly verskriklik
in hierdie vuur."



Abraham sê: "In die lewe het jy alles gehad en Lasarus niks. Nou is Lasarus vertroos en jy is gepynig. Nie een kan die groot kloof tussen jou en ons kruis nie."





“Stuur Lasarus om my vyf broers te waarsku,” pleit die ryk man. “Ek wil nie dat hulle in hierdie plek van pyniging beland nie.”



Maar Abraham sê: "Jou broers het die woord van God." As die vyf broers nie in die Bybel glo nie, sal hulle ook nie glo as Lasarus vanaf die dood terugkeer nie.



Nadat Jesus die storie voltooi het van die ryk man en Lasarus, het die Geestelike leiers dalk vir hulle self gevra, "Is ek liewer vir rykdom as vir God?" Nou weet hulle wat sal gebeur as hulle nie aandag gee aan God se woord nie.

Ryk man, Arm man

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Lukas 16

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

Die Einde

Die Bybel storie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil he dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons het verkeerde dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons so lief dat hy sy Seun, Jesus vir ons gestuur het wat vir ons sondes aan die kruis kom sterf het. Jesus het opgestaan uit die dode en opgevaar na die Hemel! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om jou te reinig van al jou sonde, sal hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir ewig lewe saam met Hom.

As jy glo dat dit die waarheid is, se die volgende vir God:
Liewe Jesus, ek glo dat U God is, en mens geword het om vir my sondes te kom sterf en nou vir ewig lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, sodat ek eendag saam met U vir ewig kan lewe. Help my om vir U te luister en gehoorsaam te wees, sodat ek vir U sal lewe en U kind genoem kan word. Amen

Lees die Bybel en praat met God elke dag! Johannes 3:16